Die doop word vanoggend bedien aan Iné Pheiffer, babadogtertjie van Werner en Annelie Pheiffer. Ons is dankbaar vir die Here se genade in julle lewe. Baie welkom aan familie en vriende van die dopeling.

Tema: Bid ons dalk verkeerd?

Vooraf lofprysing
Ps 110-3: 1, 2 (Mel Ps 128)
Lied 184: 1,2, 3, 4

Ontmoetingsdiens
Intreelied: Ps 134-2; 1, 2
Votum
Seën
Loflied Ps 116-2: 1, 2, 3, 7;
Geloofsbelydenis: HK Sondag 1 interaktief met 4 vrae en antwoorde

Verootmoedigingsdiens
Wet: Die tien gebooie uit die boek Spreuke
Sing Ps 119-2: 7, 8
Gebed

Sakramentbediening
Doopformulier,
Sing na die Doop: Ps 105-1: 5
Gebed

Woorddiens
Skriflesing Jak. 1: 1 – 8
Jak. 4: 1 – 5
Jak. 5: 13 - 18
Teks: Jak 4: 2B
Belydenis: HK vr 116 en 117
Woordverkondiging

Antwoorddiens
Gebed
Liefdegawes; Gebed vir BnB:Belydenisklas uitreik
Sing Ps 81-1: 12
Seën
Sing Sb 15-1: 4

Geliefde brs en srs en kinders

Wat ŉ wonderlike voorreg om met ons gebede in die kragveld van God in te beweeg. Ek wonder of ons dit altyd besef en waardeer? Dat ek met my gebed - of ons as gemeente met ons gebede - in die troonsaal van God, die Allerhoogste, kan intree en daar sy krag ontsluit met gelowige gebede wat volgens sy wil gebid word. Besef ons werklik die wonder daarvan?

Des te meer omdat ons Hemelse Vader wil hê dat ons moet bid! Hy gee dit vir ons tot opdrag! Dwarsdeur die Bybel leer die Here ons dat ons moet bid. Ons hoor dit so dikwels in die verkondiging van die profete van die Ou Testament dat die Here vir die kerk sê: “soek my aangesig, roep My aan”, bid en vra wat julle nodig het. In die Psalms kry ons die intiemste voorbeelde van gebede. Daar is persoonlike gebede, gebede van die volk, gebede in die tempel en telkens kry ons die getuienisse van gelowiges van hoe God hulle gebede beantwoord het. Telkens hoor ŉ mens die refrein: “ek het geroep en God het geluister en geantwoord!”

Hierdie getuienis van die kerk wat bid en God wat kragtig antwoord vind ons ook in die kerk se geskiedenis deur die eeue. Die kerkgeskiedenis toon dat die kerk van die Here geestelike herlewing en verdieping ervaar het telkens wanneer gelowiges volhardend en ernstig daarvoor gebid het.

Julle sal ook onthou dat ons hierdie Kerkgroei reeks preke ingelei het uit Ps. 85 met die opdrag: Bid dat die Here nuwe lewe aan ons sy kerk sal gee!

Maar brs. en srs., die vraag is: bid ons nie dalk verkeerd nie? Jakobus wys in sy brief die gelowiges daarop dat ŉ mens maklik verkeerd kan bid. Dat daar in met betrekking tot die gesindheid waarmee ons bid, die vertroue waarmee ons bid ernstige tekortkominge kan wees.
Daarom kyk ons vanoggend in antwoord op die vraag: Bid ons nie dalk verkeerd nie, na vier sake uit ons teksverse:

1. God gee die opdrag dat ons moet bid.
2. God beantwoord nie selfsugtig gemotiveerde gebede nie
3. Ons moet met volle vertroue bid
4. Ons gebede het groot krag!

Jakobus sê in die eerste plek vir die gelowiges dat hulle nie ontvang wat hulle wil hê nie omdat hulle nie bid nie! Dit is so eenvoudig as wat dit is! Gelowiges en die kerk wat iets van God wil hê moet daarvoor bid. Sondag 45 sit dit baie duidelik uiteen met die woorde “omdat God sy genade en Heilige Gees alleen aan hulle wil gee wat met hartlike versugtinge sonder ophou daarom bid en daarvoor dank”. Vraag 117 voeg daarby dat God ons die opdrag gee het om te bid.

Om te bid is dus nie iets wat van nature in die lewe van ŉ gelowige kom nie anders sou God nie die opdrag daartoe gegee het nie. Gebed is iets waartoe God ons oproep omdat ons geneig is om dit af te skeep. Juis omdat ons sondige natuur maklik daarop roem dat ons sonder God kan klaarkom, daarom beveel die Here ons om te bid sodat ons ons afhanklikheid van Hom kan erken en in afhanklikheid kan leef.

En nou is die vraag, brs en srs,: bid ons as gemeente “met hartlike versugtinge en sonder ophou”? Wanneer ons kyk na die gemeentelike lewe van die eerste gemeente in Handelinge dan hoor mens telkens die refrein: “en hulle het volhardend saam gebid”. Is

my persoonlike gebed en die erediensgebede voldoende om te beantwoord aan hierdie opdrag van God? Nie dat hierdie gebede nie ook deur God verhoor kan word nie! Maar die vraag is: doen ons as gemeente genoeg om aan hierdie opdrag van God te voldoen? Dit gaan veral oor die opdrag om saam te kom en te bid. Die Here Jesus leer ons in Matteus 18 die volgende "Verder verseker ek julle: As twee van julle op aarde oor enige saak saamstem en daaroor bid, sal my Vader wat in die hemel is dit vir hulle laat kry, want waar twee of drie in My Naam saam is, daar is Ek by hulle". Dit gaan dus in besonder ook oor gesamentlike gebed. Dat ons op soveel moontlik geleenthede as gelowiges saamkom, saam besin oor die wil van God en dan saam daarvoor bid! En die Here Jesus gee hierdie belofte: God sal dit vir ons gee!

Geliefdes, waarom sukkel ons as Gereformeerdes so met hierdie opdrag om saam te bid? Het ons met ons oorreaksie in die verlede teenoor ander kerke se gebedsgebruike, God se opdrag ook weggegooi? So dikwels leef mense in die vrees dat ons wanneer ons saam bid, sal verval in die "ydele herhaling van woorde". Wat is ydele herhaling van woorde? Wanneer mense bid sonder dat hulle dit bedoel! Wanneer die gebed nie uit die hart kom nie! Ydele herhaling van woorde is nie wanneer gelowiges saamkom en dalk ernstig saambid oor die dieselfde saak nie!

Geliefdes, Kom ons as gemeente word weer gehoorsaam aan die Here en gee weer ernstig aandag aan hierdie opdrag van die Here om meer saam te bid. Dat ons ouderlinge saam bid, dat kleingroepe meer saam bid en dat ons ander geleenthede skep waar ons volhardend saam kan bid om so ook uitvoering te gee aan God se opdrag tot gebed.

In die tweede plek: Die konteks van ons teksverse is dié van gelowiges wat in onderlinge stryd en konflik leef. En hierdie stryd en konflik word gebore uit selfsugtige motiewe. Mense is jaloers op mekaar se goed en wil alles vir hulleself hê. Nou sê die Here: **hulle bid nie en as hulle nog bid, dan bid hulle met selfsugtige motiewe. Hulle vra om aardse goed sodat hulle dit in selfsug en hebsug kan deurbring en geniet!**

Die woord wat hier vir "gebed" gebruik word, is die woord "vra". Dit dui dus op "gebedsversoeke"! Versoeke wat net gerig word op die eie ek! En daarom ontvang hulle nie waarvoor hulle bid nie! Die kategismus leer ons in vraag 117 dat ons "ons nood grondig moet ken" sodat ons vir die regte goed kan bid.

'n Gemeente wat net bid om haar eie voordeel se gebede sal nie verhoor word nie. As ons as gemeente en lidmate net bid wat ons nodig het en wat ons wil hê vir ons eie geestelike voorspoed en groei, dan kan die Here dit nie beantwoord nie. Selfsugtige gebede word nie verhoor nie! As ons gebede nie gerig word sodat die Here ons seën sodat ons weer vir ander tot seën kan wees nie, dan sal die Here mos nie ons gebede verhoor nie!

Br en sr, ons Here Jesus het ons dit mos geleer! Hy het nie selfsugtig aan sy lewe vasgeklou sodat Hy nie hoef te ly nie, nee, Hy was bereid om aan ander te dink en sy lewe in opoffering vir ander te gee. Daarom bid Hy in Getsemane: " Vader, nie soos ek wil nie, maar soos U wil".

Iemand het eenkeer gesê: Gebed is nie om ons wil in die hemel te laat gebeur nie, maar God se wil hier op aarde te laat gebeur! God se wil dat ons as kerk geestelik moet herleef en verdiep sodat ons ons Goddelike roeping volkome kan vervul!

Omdat Jesus so gebid en so sy lewe vir ons gegee het, het sy offer die rede geword waarom God na ons gebede luister en dit verhoor. Wat ŉ wonderlike troos en versekering is die nie vir ons in ons gebedslewe nie! **Juis ons Here Jesus se onselfsugtige gebed en die onselfsugtige prysgee van sy eie lewe, het die grond geword waarom ons kan bid en waarom God ons gebede verhoor! Ons het dus die vaste sekerheid dat God ons gebede in Christus sal verhoor! Jesus het ons mos geleer: Wanneer julle die Vader in my Naam vra, sal Hy vir julle alles gee wat julle vra!**

Brs. en srs., wat ŉ wonderlike aanmoediging vir ons om meer te bid! God sal verhoor om Christus ontwil! Omdat Christus sy lewe as offer vir ons sondes gegee het en ons so God se kinders gemaak het, sal God ons Vader na ons as sy kinders luister! Hoekom dan nie meer bid nie – God wil luister en God wil verhoor – om Christus ontwil!

Vir my en jou persoonlike lewe! Vir ons kerk se geestelike lewe! Werner en Annelie en alle ander ouers! Een van die belangrikste dinge wat ons ons kinders moet leer is om te bid! Dat ons ons ouers vir ons kinders bid maar dat ons kinders ook leer van gebed en moet sien hoe ons as ouers biddend in afhanklikheid van die Here leef! Deel van julle verbondsondderig is dus ook om julle kind met voorbeeld te leer om te bid, God te vertrou en so biddend voor die Here te lewe

Jakobus leer die gelowiges in die derde plek dat wanneer ons bid ons gelowig en vertrouend moet bid dat God ons gebede sal verhoor, anders kan ons ook nie verwag dat Hy dit moet verhoor nie! Jakobus vergelyk in hf 1 iemand wat sonder vertroue bid met ŉ brander van die see wat doelloos heen en weer deur die wind aangedryf word! Is dit nie ŉ sprekende beeld nie: as ek bid, maar nie regtig glo dat God my gebede sal verhoor nie, dan is my gebed soos ŉ brander in die wind, dit kom en gaan, kom en gaan, kom en gaan, heen en weer, sonder einde en sonder verhoring.

Geliefdes, die Here wil dus dat ons vertrouend bid dat Hy ons gebede sal verhoor! Maar dan leer die Skrif ons baie duidelik dat hierdie gebede volgens die wil van God gebid moet word en nie soos ons wil nie. Wanneer ons dus wil bid vir geestelike herlewing in die kerk en vir geestelike verdieping in ons lewe dan moet ons werklik glo dat God dit sal gee. Ons moet volhardend daarvoor bid totdat God op sy tyd die antwoord gee. Hoekom sal God ons iets gee as ons nie eers die verwagting het dat Hy dit sal en kan gee nie?

Brs en srs, kom ons glo en vertrou met ons hele hart dat God sy kerk wil vernuwe en lei tot nuwe geestelike lewe. Kom ons glo dit omdat ons weet dat dit nodig is! Omdat ons – soos die kategismus dit stel: “ons voor sy majesteit verootmoedig” en weet dat dit moet gebeur in gehoorsaamheid aan sy Woord. En dan bid ons met oortuiging en met verwagting en met ŉ vaste geloof!

Want geliefdes, wanneer ons so bid, sal ons ook so begin leef! Dit is hoe gebed werk! Hoe meer ons vir iets bid, hoe meer begin ons leef vir wat ons bid. Die Gees van die Here verander ons sodat ons gebede in ons lewe beantwoord word. Daarom is dit nodig dat meer en meer mense saam hieroor begin bid. Nie omdat daar meer krag lê in die gebed van baie mense nie, maar omdat meer mense dan so sal begin leef!

Ten slotte geliefdes, bring die Here ons deur Jakobus ons tot die oortuiging dat die gebed van ŉ gelowige groot krag het. Hy gebruik die vb. van Elia wat in opdrag van die Here kragtig gebid het en dit het opgehou reën en wat toe op die berg Karmel weer moes bid en God het in antwoord op sy gebed die reën gestuur.

Geliefde brs en srs en kinders: glo ek en jy nog dat God ons gebede so kragtig kan gebruik? Glo ons dat gebed effektief in ons lewe werk?

Die lidmate van die eerste gemeente in Jerusalem het die krag van gebed geken. So lees ons in Hd. 4 dat die gemeente, na Johannes en Petrus se eerste gevangenisskap, bymekaar gekom het om te bid vir vrymoedigheid om die Woord uit te dra. Hulle bid nie om beskerming teen vervolging nie, nie om eie belang nie – maar vir die belang van God se koninkryk! En wat gebeur; die Here skud die gebou in antwoord op hulle gebed en hulle is almal kragtig met die Heilige Gees vervul en het met vrymoedigheid en sonder vrees die evangelie verkondig!

Glo ons dat ons so kan bid en dat God so kan antwoord? Mag die Here ons weer daardie gebedsgeloof en vertroue gee sodat ons in antwoord aan sy opdrag volhardend en eendragtig kan bid vir geestelike herlewing in die kerk en vir persoonlike gehoorsaamheid. Mag die Here ons gebede beantwoord en dit kragtig gebruik om sy kerk te vernuwe en sy koninkryk uit te bou.

Amen